# KONINKRYKSTYD

## HUISGELOOF

**Koninkrykstyd (ook genoem gewone tyd) strek vanaf Pinkster tot Advent.** Koninnkrykstyd begin met Drie-Eenheid-Sondag waar die Triniteit gevier word.

### DRIE-EENHEID
### GEN 1&2, 2 KOR 13

## OMGEE

Raai-raai! Wat het 'n eier, 'n Toblerone-sjokolade, Doritos-tjips, 'n toebroodjie, 'n piesang, 'n burger en 'n appel met mekaar te doen?
(Dit het alles 3 dele of is in die vorm van 'n driehoek.)

## GESELS

Hierdie week is die begin van Koninkrykstyd in die kerk en ook Drie-Eenheidsondag of Triniteitsondag.
**Lees: Gen 1:1-2,4a; 2 Kor 13:11-13 (Matt 3:16-17 Jesus se doop)**

- Hoe kom God Drie-Enig in elkeen van hierdie tekste voor?
- Elkeen van die Drie-Eenheid is verskillend. Hoe?
- Maar tog is Hulle almal saam EEN God. Hoekom is dit belangrik?
- Dit is moeilik om die Drie-Eenheid te verstaan. Hoe sal jy die Triniteit vir iemand verduidelik?

## DOEN

Dink aan nog dinge wat uit 3 dele bestaan of in 3 vorme voorkom, soos water-ys-stoom of 'n boom met wortels, stam en blare. Lys dit. Teken dan een voorbeeld en skryf bo-aan: Drie-in-een. Uitdeelstuk: https://dinkjeug.co.za/wp-content/uploads/2026/05/2026-Triniteitsondag.pdf

## BID

Bid saam. Gebruik in jou gebed die woorde: Vader, Jesus en Heilige Gees.

DINK JEUG Families

**Laai die DinkJeug Families app gratis af:**

Google Play:

Apple iStore: